GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2018

NASIENRIGLYNE

AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2 (10022)

34 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal) Vraestel 2

NASIENRIGLYNE

INHOUDSOPGAWE

Kandidate kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN **Beantwoord slegs EEN vraag**		
VRAAGNOMMER	**PUNTE**	**BLADSYNOMMER**
1. *Kringe in 'n Bos*	35	4
2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	35	8
3. *Meeulanders*	–	**Word nie in Gauteng geassesseer nie**
4. *Lien se lankstaanskoene*	35	11
AFDELING B: DRAMA **Beantwoord slegs EEN vraag.**		
5. *Poppie – die drama*	35	15
6. *Paljas*	35	19
7. *Fiela se kind – die drama*	35	23
AFDELING C: KORTVERHALE **Beantwoord die vrae oor AL TWEE die kortverhale**		
8. *"Roep van die vleikuiken"*	17	27
8. *"Die Ballade van Robbie de Wee"*	18	29
AFDELING D: GEDIGTE **Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte**		
9.1 "Pryslied"	17	30
9.2 "By die robot in Eerstelaan"	18	32

NASIENRIGLYNE

- ’n Kandidaat / Kandidate mag nie meer as EEN vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.

- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien dus die eerste antwoord na.

- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.

- As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By oop vrae verdien die rede / motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE insluit / impliseer nie. As JA / NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, hou die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. ’n Uitsondering is die Engelse terminologie in *Poppie – die drama*.

- Indien ironie, vergelyking en kontras gevra word, verdien die leerders 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
	TEKS A		
1.1	Jozef se seun is **deur 'n olifant doodgetrap**	(1)	1
1.2	• Joram het die geweer (onder die eerste ranksaffraan) gaan wegsteek die dag van die Prins se geskietery. • Joram en Maska het die geweer gaan haal waar Joram dit weggesteek het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
1.3	• Om olifante (vir ivoor) te skiet • Om sy bestaan te verbeter • Hy sou meer geld vir ivoor kry (as wat hy vir hout kry) (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
1.4	• Opstandig • Ontsteld • Teleurgesteld • Hartseer • Ongelukkig (Enige EEN)	(1)	2
1.5.1	• Mister Patterson • Mnr. Patterson • Patterson (Enige EEN)	(1)	1

1.5.2	• Patterson was bang vir die bos. • Patterson het siek gevoel. • Patterson het in die bos benoud gevoel. • Patterson het gevoel asof hy nie kon asemhaal nie. • Patterson het aan engtevrees gely. • Saul het daarop aangedring dat Patterson eers vir hom wys waar die goud is / wys om die goud uit te haal. • Saul het geweier om om te draai. • Saul se motief; hy wou nie omdraai nie (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
1.5.3	• Mnr. Patterson was op soek na rifgoud. • Mnr. McDonald het vir Mnr. Patterson gehuur om goud te soek.	(1)	1
1.6	• Oupoot is Saul se dier-broer. • Saul is lief vir Oupoot. • Daar is 'n spesiale band / verhouding tussen hom en Oupoot. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
1.7	• D • mekaar nie as broers verstaan het nie. • D mekaar nie as broers verstaan het nie.	(1)	3
1.8	Nee. • Jozef het Saul vals beskuldig. • Saul het nie die owerhede ingelig dat sy gesin olifante skiet (om die ivoor te verkoop) nie. • Jozef en Joram het Saul nie geglo nie.	(1)	3
1.9	• Saul het bevraagteken of die gal in die bloubokkie se kop sit. Jozef het dit as vanselfsprekend as die waarheid aanvaar. • Jozef wou nie hê iemand moet hom sien huil toe sy ma sterf nie. Saul het openlik gehuil. • Saul het gedink die kalanderboom kan pyn voel. Jozef het gedink dat bome gevoelloos is. • Jozef was 'n bosmens. Saul het die bos verlaat. • Jozef was nie "oopkop" nie, terwyl Saul na alle moontlikhede gekyk het. (Moet albei kante stel om twee punte te verdien)	(2)	3
1.10.1	• D • Arend • D Arend	(1)	3
1.10.2	• A • Maria • A Maria	(1)	3

1.10.3	• E • Stopforth • E Stopforth	(1)	3
1.10.4	• B • Joram • B Joram	(1)	3
1.11	die naaste, hoogste boom te klim	(1)	3
1.12	Saul het 'n geweer by Maska geleen (om Oupoot te skiet).	(1)	4
		(18)	

TEKS B

1.13	• Toe Saul en Jozef as kinders op pad Diepwalle toe was. • Toe Saul en Patterson saam in die bos was. • Toe Saul en Kate op pad na die waterval toe was.	(1) (1) (1)	1
1.14	• Sy het vir Saul (in Meulbos) gewag. • Maska het Kate gaan haal. • Sy wou Saul keer om nie weg te gaan nie. (Enige EEN)	(1)	2
1.15.1	Oupoot	(1)	1
1.15.2	Nee. Saul … • wou Oupoot teen jagters beskerm. • sou sy eie lewe opoffer om Oupoot te red. • sou nie die moed gehad het nie. Ja. Saul … • wou nie gehad het dat Stapforth vir Oupoot skiet nie. • wou self vir Oupoot skiet, eerder as wat die delwers dit doen.	(1)	4
1.15.3	• Ek sou Oupoot geskiet het om vrede met Jozef te maak. • Ek sou Oupoot vir sy ivoor geskiet het. OF • Ek sou Oupoot nie geskiet het nie omdat hy my dier-broer is. • Ek sou nie die sneller getrek het nie omdat ek Oupoot gerespekteer het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5

1.16.1	Maska respekteer Saul.	(1)	3
1.16.2	Maska … • gee Saul raad / inligting oor Oupoot. • was altyd daar toe Saul hom nodig gehad het. • leer Saul oor die bos. • hou Saul ingelig oor sy familie / sy pa se dood. • help Saul met sy gevoelens oor Kate en Oupoot. • was Saul se hart-broer. • het Saul 'opgepas'. • probeer om Saul en Jozef te versoen / om die twee broers bymekaar te bring. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	2
1.16.3	om Oupoot te skiet	(1)	1
1.17	• Sy oor • Sy kruis (stuitjie / waar doe twee agterpote bymekaar kom) • Sy voorpoot (Enige TWEE)	(2)	1
1.18	• A • dit Saul en Kate bymekaargebring het. • A dit Saul en Kate bymekaar gebring het.	(1)	3
1.19	• Saul vind nie gou rigting in sy lewe nie, hy loop in 'n (skewe) kring / sirkel. • Saul is onseker of hy in die Bos of dorp behoort. (Hy neem hierdie besluit aan die einde van die verhaal.) • Hy worstel met sy gevoelens oor Kate. • Soms voel hy dat sy besluite en sy aksies hom nie help nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
1.20	• Diere is slim • Diere kan die mens verstaan. • Diere is gevoelig. • Jy kan baie lief vir 'n dier raak. • Die mens behoort diere te beskerm. • Die mens kan 'n band met 'n dier vorm. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
		(17)	
		[35]	

VRAAG 2: ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
	TEKS C		
2.1	Hanna	(1)	1
2.2	• Hanna se alter ego • Die meisie wat sy graag wou wees • Die meisie wat sy in haar verbeelding geskep het (Enige EEN)	(1)	3
2.3	• Fabienne droom van die verfkwasvrou • • oor Hanna wat in 'n spektakel van 'n huis woon. Saam met haar wilde broers (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
2.4	• Mana bind altyd haar hare met verfkwaste op • Mana steek haar hare met verfkwaste vas • (Enige EEN)	(1)	2
2.5	C uniek is.	(1)	3
2.6	Fabienne se lewe is uitgesorteer met 'n gewone ma en pa met gewone werk terwyl Hanna 'n 'vreemde' gesinsopset het, met 'n kunstenaarsma, 'n gay-pa en 'n saamgestelde familie. Dit is die teenoorgestelde van Hanna se omstandighede. (Beide kante moet gegee word om ironie uit te beeld)	(2)	4
2.7.1	• C • Beyers • C Beyers •	(1)	2
2.7.2	• E • Tibo • E Tibo •	(1)	2
2.7.3	• A • Yann • A Yann •	(1)	2
2.7.4	• B • Hanna • B Hanna	(1)	2

2.8	• Mana is baie eksentriek	(1)	4
2.9.1	Hanna se stiefpa	(1)	1
2.9.2	Hanna se biologiese pa	(1)	1
2.10.1	Letterlik	(1)	3
2.10.2	'n Kunstenaar mors as hy / sy met verf besig is (Enige EEN)	(1)	
2.11	• Sy wou van haar huislike omstandighede ontsnap. • Sy wou iemand anders wees. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.12	• A-chronologies • Hede en terugflitse (Enige EEN of soortgelyk)	(1) **(18)**	4

TEKS D

2.13.1	• Margot • Tibo en Yan se ma (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
2.13.2	• Die koningin is 'n denkbeeldige vrou vir wie Hanna skryf oor die fabel in haar gedagtes. • Voor die koningin se aankoms, het die gesin met Margot gespot. • Hulle het met Margot gespot oor haar voorkoms / uniekheid. (Enige EEN of soortgelyk met 'n voorbeeld)	(1)	4
2.13.3	• Amos was spontaan. / Hy het openlik gewys hoe bly hy was dat sy ma daar was. • Yann was verleë. Hy het nie regtig geweet hoe hy teenoor sy ma moes optree nie. (Of soortgelyk, maar beide kante moet gestel word)	(1) (1)	3
2.14	• D • gesukkel het om hulleself te aanvaar net soos wat hulle is. • D gesukkel het om hulleself te aanvaar net soos wat hulle is.	(1)	3

2.15.1	• Haar puisies • Haar lelike voete • Die gaping tussen haar voortande • Haar klein borste (Enige TWEE)	(2)	2
2.15.2	• Helderkleurige klere (wat haar swangerskap beklemtoon het) Dra hansworshoede	(2)	2
2.15.3	Hy was gay.	(1)	3
2.16	Sharon	(1)	1
2.17	Die familie het saam • die berghuis skoongemaak. • speletjies saans gespeel. • elke oggend vroeg gaan stap. • skottelgoed gewas. • huiskonsert gehou. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	2
2.18	Ja. Sy besef dat sy eintlik 'n wonderlike pa het (wat ook dink sy is "fabulous"). (Of soorgelyk)	(1)	4
2.19	Dat jy jouself, jou familie en jou omgewing moet aanvaar. (Of soorgelyk)	(1)	5
2.20	Moontlike antwoorde: • Onsekerheid en gebrek aan aanvaarding van gesin / familie / ouers / gebroke huisgesinne • Eie swak selfbeeld (voorkoms) asook prestasies / talente / gawes / ongelukkigheid / skuldgevoelens • Gebrek aan aanvaarding in groep / vriende / nie 'n liefdeslewe nie Kandidaat se eie siening moet hier krediet kry. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
		(17)	
		[35]	

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Word nie in Gauteng geassesseer nie

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
TEKS G			
4.1	• Lien se ma • Christien Jooste (Enige EEN)	(1)	3
4.2	• Sy is 'n alkoholis. • Sy is verslaaf aan drank. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
4.3	Weet wat haar ma doen	(1)	3
4.4.1	• Hy sit die televisie harder • Hy niks anders as die televisie hoor nie. (Enige EEN)	(1)	2
4.4.2	Ja. Hy ontsnap (na sy eie veilige plek). OF Nee. Hy ondersteun nie vir Lien nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
4.5	• Sy wil nie haar ma so sien nie. • Sy weet nie wat om in die kombuis te verwag nie. • Sy weet haar ma het gedrink / is dronk. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	2
4.6	• Sy dink terug aan gelukkiger dae. • Sy probeer van al die slegte dinge wat met hulle gesin gebeur het, vergeet. • Sy probeer van hulle huidige probleme vergeet. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
4.7	• Sy skeep die kosmakery (en haar kinders) af. • Sy sal waarskynklik nie die volgende dag gaan werk nie en dus nie 'n inkomste verseker nie. • Sy versorg nie die kinders behoorlik nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

4.8	• Lien en Braam is ongelukkig met hulle omstandighede. • Christien het 'n lae selfbeeld oor sy nie vir haar gesin kan sorg nie. (Enige EEN Of soortgelyk)	(1)	1
4.9	• Lien het by 'n koffiewinkel en 'n haarkapper gewerk. • Lien het eers gaan werk soek by 'n paar plekke. • Later het Lien begin bedel vir ekstra geld. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	2
4.10	• C • al vreeslik honger is en dadelik wil begin eet. • C al vreeslik honger is en dadelik wil begin eet. (Enige EEN)	(1)	3
4.11	• Braam sit die TV harder / Braam jaag sy ma bed toe as sy met hom geselsies probeer aanknoop. • Lien verloor haar eetlus. (Verskil tussen Braam en Lien moet aangedui word.)	(2)	3
4.12	Ek sou skaam gevoel het omdat ek moes bedel (om vir my gesin te sorg). Ek sou hartseer gevoel het omdat ek vir my gesin moes sorg (Of soortgelyk)	(2)	3
4.13	Nee • Dit is nie 'n kinder se verantwoordelikheid om vir kinders te sorg nie. • Dit is 'n ouer se verantwoordelikheid om vir sy / haar kinder te sorg. (Of soortgelyk) Ja • Dit kan jou selfstandig maak. • Dit kan jou oorlewing beteken. (Of soortgelyk)	(1)	2
	TEKS H		
4.14	• In 'n rehabilitasiesentrum • In die hospitaal (Enige EEN)	(1)	3
4.15	Sy wou nog by haar ma in die hospitaal gaan kuier het.	(1)	3

4.16	• Het haar ma werklik ophou drink? • Sal haar ma weer begin drink? (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
4.17	Die oop spasie dui 'n tydsverloop aan (tussen gebeure).	(1)	2
4.18	• Tibbey was almal se pel.	(1)	1
4.19	• A • al ouer is as Lien en Tibbey en makliker koud kry. • A al ouer is as Lien en Tibbey en makliker koud kry. (Enige EEN)	(1)	3
4.20	• Johnny suip • Sy wil nie hê mense moet dink sy suip ook nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
4.21.1	• C • Roos • C Roos (Enige EEN)	(1)	3
4.21.2	• A • Lien • A Lien (Enige EEN)	(1)	3
4.21.3	• D • Christien • D Christien (Enige EEN)	(1)	3
4.21.4	• B • Tannie Bets • B Tannie Bets (Enige EEN)	(1)	2

4.22 Nee.

- Daar is geen rede om drank te gebruik om jou probleme te verminder nie.
- Drank sal nie help om die koue te verdryf nie.

OF

Ja.

- Die sjerrie sou haar liggaam warm gemaak het.
- Sy sou nie so koud gekry het nie.

(Enige EEN of soortgelyk)

(1) 2

4.23

- moes die skool vir hulp gevra het
- moes eerder die familie vir hulp gevra het.
- moes die kerk gevra het om hulle te help.

(Of soortgelyk) (3) 4

4.24.1

- Lien weet haar ma gaan ophou drink.
- Lien weet haar ma gaan nou vir haar kinders sorg.

(Enige EEN) (1) 2

4.24.2

- Lien veroordeel haar ma nie meer nie.
- Lien raak meer betrokke by die skool

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 2

(17)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

VRAAG	MEMORANDUM TEKS I	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
5.1	• Hannie was haar ma se ma. • Hannie was haar ouma. • (Enige EEN)	(1)	1
5.2	• Ouma Hannie het hulle grootgemaak (toe ma Lena gewerk het). • Hulle het meer tyd met ouma Hannie deurgebring as met hulle eie ma. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
5.3	Protagonis	(1)	3
5.4	• Die boom **simboliseer** die dood. • Die boom **voorspel** Ouma Hannie se dood. • Die boom **vertel** haar dat haar tyd naby is / nie meer ver is nie.	(3)	5
5.5	• C • se pa het nie vir hulle gesorg nie. • C se pa het nie vir hulle gesorg nie. (Enige EEN)	(1)	2
5.6	• Plank neem beheer as versorger. • Plank wil hulle beskerm (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
5.7	Ja. • Dit beteken ekstra inkomste vir die gesin. • Dit leer hulle om verantwoordelik te wees. • (Enige EEN of soortgelyk) OF Nee. • Kinders moet hulle kinderjare geniet. • Om te werk, sal hulle beroof van die kans om 'n opvoeding te kry. (Enige EEN of soortgelyk)	(2)	4

5.8	• Dat hy nou groot genoeg is om sy gesin en familie te versorg • Dat hy nou sy familie kan beskerm (Enige EEN)	(1)	2
5.9.1	Poppie het haar ma se kinders opgepas.	(1)	1
5.9.2	Poppie het gewerk (en kon nie na die kinders kyk nie).	(1)	2
5.10	Ja. • Albei se mans het gesterf. • Albei moes sukkel om vir hulle kinders te sorg. • Albei het nooit 'n gelukkige familielewe gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
5.11.1	• B • Ouma Kappie • B Ouma Kappie (Enige EEN)	(1)	2
5.11.2	• A • Poppie • A Poppie (Enige EEN)	(1)	2
5.11.3	• E • Ouma Hannie • E Ouma Hannie (Enige EEN)	(1)	2
5.11.4	• C • Ma Lena • C Ma Lena (Enige EEN)	(1)	2
		(18)	

TEKS J

5.12	• Sy het gedink dat hulle daar veiliger sal wees. • Die onluste sou hulle nie daar raak nie. • Hulle was ver van die moeilikheid in die lokasie. • Hulle sou uit die onheil en kattekwaad wees as hulle in die platteland was. • Hulle was nie aan die lokasie se gevare blootgestel nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
5.13	Haar kinders (Bonsile en Nomvula) was deur die polisie gearresteer.	(1)	2

5.14	die onluste	(1)	1
5.15.1	Na Poppie se kinders	(1)	1
5.15.2	Poppie het haar kinders weg van die moeilikheid geneem, maar hulle het in elk geval in die moeilikheid beland. (Ironie: moet antwoord as geheel korrek hê)	(2)	4
5.16	by haar ma gelos	(1)	1
5.17	• Sy het gesê dat haar hart teenoor Bonsile en haar familie dood was. • Sy het gesê dat die kinders sou sien hoe hulle verder deur die lewe sou gaan; sy kon dit nie meer doen nie.	(2)	3
5.18	• Onluste • Ongeskikte kinders wat ouer mense slaan • Die onrus in die lokasie • Bakleiery met die polisie (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
5.19	• Sy is gedwing om na Mdantsane te verhuis (wat baie ver van haar man en familie was). • Sy moes haar kinders by haar man se familie los om te gaan werk. • Die paswet het haar kleinkind se dood veroorsaak. • Sy het altyd gesukkel om werk te kry as gevolg van vervalle permitte. (Enige TWEE of soortgelyk.)	(2)	3
5.20	Sy het hulle by **haar man se familie** gelos.	(1)	3

5.21.1	Bonsile	(1)	1
5.21.2	Ja. • Bonsile kon die polisie na Jakkie / die skuldige een lei. • Die familie sou Bonsile jammer kry. • Die familie sou help om die skuldige een te kry. (Enige TWEE of soortgelyk) OF Nee. • Bonsile was nog minderjarig. • Bonsile het baie ver van die lokasie gebly. • Bonsile het niks van die onrus geweet nie. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	5
5.22	Eie emosie met 'n geldige rede • Kwaad / hartseer / ongelukkig / gefrustreerd Motivering: • Jy moet lang afstande stap om toegang tot fasiliteite soos skool, ens. te verkry. • Ver van jou geliefdes te wees. • Jy word ontwortel. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		(17)	
		[35]	

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

VRAAG	MEMORANDUM TEKS K	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
6.1	• Hy luister altyd na musiek / plate (op die stoep). • Hy het Katrien se klavierspel geniet. • Hy moedig haar aan om weer klavier te speel. • Hy luister wanneer Emma speel. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
6.2	Manuel	(1)	2
6.3.1	Nollie (Kemp)	(1)	1
6.3.2	(Tino) Rossi (Joseph) Schmidt	(2)	1
6.4	selfvertroue	(1)	3
6.5	• Hy goël met balle. • Hy ryg sakdoeke uit sy mou. • Hy laat gekleurde balletjies uit sy mond kom. • Hy laat eiers uit sy mond kom. (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	2
6.6	• (Vóór die volstruisdans,) toe Hendrik met Katrien gespot het • (Ná die voltruisdans,) toe die dorpsmense by die McDonalds gekuier het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.7	• A • sarkasties. • A sarkasties. (Enige EEN)	(1)	3
6.8.1	• B • Manuel • B Manuel (Enige EEN)	(1)	2
6.8.2	• C • Katrien • C Katrien (Enige EEN)	(1)	2

6.8.3	• D • Hendrik • D Hendrik (Enige EEN)	(1)	2
6.8.4	• A • Dominee • A Dominee (Enige EEN)	(1)	2
6.9	• Sy laat die koffiepot val. • Sy storm van die stoep af. • Sy hardloop weer weg. • Sy word kwaad vir Hendrik. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.10	• Katrien het baie kwaad vir Hendrik geword. • Sy het met die stofpad afgeloop en gehuil en haarself vasgehou. • Sy vir hom sê dat Emma 'n negentienjarige, skaam meisie is. • Sy het met Hendrik geargumenteer. (Enige EEN)	(1)	3
6.11	Nee • Kinders het die reg om self oor hul lewens te besluit. • Kinders sien dalk iets in die persoon wat die ouers nie kan sien nie. OF Ja • Ouers weet somtyds beter. • Ouers het meer ervaring. • Ouers is meer objektief. (Enige EEN of soortgelyk)	(1) **(18)**	5
	TEKS J		
6.12.1	Die Volstruisdans	(1)	1
6.12.2	Hulle het om verskoning kom vra (vir wat by die Volstruisdans gebeur het.)	(1)	2
6.13	Nollie sy liefde teenoor Emma gaan verklaar	(1)	1

6.14.1	Hy het 'n eier in sy hand gehad.	(1)	3
6.14.2	• Nollie wil vir Emma soen. • Nollie en Emma wil alleen wees. • Emma vra hoekom Willem nie klop nie. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	3
6.14.3	Die dorpsmense sal besef dat Willem nie besig is met duiwelskuns nie.	(1)	4
6.15.1	Nollie (Kemp)	(1)	1
6.15.2	• Hy hou van Emma. • Hy is verlief op Emma. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
6.16	Die McDonalds sal eers werklik gelukkig in Toorwater kan wees as hulle deur die dorpsmense / gemeenskap aanvaar word. (Of soortgelyk)	(1)	5
6.17.1	Na water	(1)	3
6.17.2	Hendrik ... • is gasvry. • is vriendelik. • is sosiaal. • hou van mense. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
6.18	• D • die mans die McDonalds van die Volstruisdans weggejaag het • D die mans die McDonalds van die Volstruisdans weggejaag het (Enige EEN)	(1)	3
6.19	• Hulle is gelukkig omdat hulle nou die situasie verstaan. • Hulle is bly om die konflik te kon oplos. • Hulle hou van die McDonalds. • Hulle is bly daar is vrede. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3

6.20	• Willem vermaak die gaste met sy toertjies. • Willem slaap weer in sy eie kamer. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.21	• Deur hulle as 'n eenheid saam te voeg • Van hul vooroordele ontslae geraak. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
6.22	Toe Manuel geskiet is, (het die McDonalds hom tuis versorg).	(1)	4
6.23	• Vergiffenis is nodig voor 'n mens gelukkig kan wees. • Dit is nie so moeilik om te vergewe nie. • Eers as jy vergewe het, is jy werklik vry.	(1)	5
		(17)	
		[35]	

VRAAG 7

***FIELA SE KIND DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

VRAAG	MEMORANDUM TEKS M	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
7.1	Om vir Benjamin te was	(1)	2
7.2	• Hy het by bruinmense grootgeword. • Dit was hulle gebruik om 'n wit man as "baas" aan te spreek. (Enige EEN)	(1)	3
7.3	Benjamin is bang • om alleen weg te gaan. • hy kan nie die magistraat se vrae beantwoord nie. • hulle bring hom nie terug nie. • vir die onbekende. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	2
7.4	Barta	(1)	2
7.5	• Hy het in 'n goeie huis grootgeword. • Hy het in 'n liefdevolle huis grootgeword. • Daar was altyd genoeg waarvan hulle nodig gehad het. • Benjamin was 'n gelukkige kind. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
7.6	die valk wat haar mooiste kuiken gevang het	(1)	2
7.7	• volstruisvere • mielies • koring • groente • skape • melkbok • karwatse • velle gebrei • swepe • skoene (Enige DRIE)	(3)	2
7.8	Sy was bekommerd oor wat die toekoms vir Benjamin sou inhou. Sy was onseker oor wat die toekoms vir Benjamin sal inhou. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

7.9.1
- C
- Dawid
- C Dawid

(Enige EEN) (1) 3

7.9.2
- A
- Benjamin
- A Benjamin

(Enige EEN) (1) 3

7.9.3
- B
- Selling
- B Selling

(Enige EEN) (1) 3

7.9.4
- D
- Tollie
- D Tollie

(Enige EEN) (1) 3

7.10 Sy wil nie toelaat dat Benjamin alleen Knysna toe gaan nie, maar het nie 'n keuse nie.
(Of soortgelyk) (1) 4

7.11 Sy is nie bekommerd oor die somme nie, maar...
- oor wat met Benjamin gaan gebeur.
- of Benjamin gaan terugkom.
- oor die vrae wat die magistraat vir Benjamin gaan vra.
- oor die feit dat sy vir Benjamin kan verloor.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

7.12 Ja.
- Hulle het maar net hulle werk gedoen.
- Hulle het gedoen wat hulle gedink het reg was.
- Hulle was vriendelik met Benjamin.

OF

Nee.
- Hulle het onmenslik opgetree.
- Hulle het geweier dat Fiela saamgaan.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 4
(18)

TEKS N

7.13	Sensus (opname)	(1)	3
7.14	• Sy is geskok. • Sy is oorstelp van vreugde. • Dit is te goed om waar te wees. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	3
7.15	Hy het gehoor dat Dawid dood is.	(1)	1
7.16	3 maande	(1)	1
7.17.1	Ja. Fiela het vir Benjamin grootgemaak. OF Nee. • Fiela is nie regtig Benjamin se ma nie. • Fiela is bruin en Benjamin is wit. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
7.17.2	• Sy voel dankbaar. • Sy voel geseënd. • Sy voel verlig. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	4
7.18	• B • die dorp, Knysna • B die dorp, Knysna (Enige EEN)	(1)	3
7.19	• D • die magistraat kon sien dat die Komoeties geld gehad het. • D die magistraat kon sien dat die Komoeties geld gehad het. (Enige EEN)	(1)	2
7.20.1	Hy was ook ’n seun wat na ’n lang ruk weer teruggekeer het na sy ouerhuis.	(1)	3
7.20.2	Fiela vergelyk haarself met die twee vroue in die Bybel wat gestry het oor een baba.	(1)	3

7.21.1	• 'n Mens sal jou eie kind herken. • Sewe jaar is nie so lank nie. • Hy was nie 'n baba toe hy weggevat is nie. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	3
7.21.2	• Hulle het gepraat oor sy lewe in die bos. • Hulle het gepraat oor die van Rooyens. • Hulle het gepraat oor die Komoeties / plaas / Lange Kloof. • Hulle het gepraat oor hulle verlange na mekaar. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	4
7.22	• Dit verwys na Fiela se gedagtes. • Dit vertel die gehoor van dié gebeure wat nie op die verhoog plaasvind nie. • Dit gee vir die gehoor meer inligting. (Enige EEN)	(1)	3
7.23	Die feit dat Lukas dadelik weer tuis voel in Fiela en Selling se huis, sê vir ons dat hy altyd in sy hart "Fiela se kind" was. (Of soortgelyk)	(1)	3
7.24	Rasse-vooroordeel	(1)	3
7.25	• Fiela is 'n goeie ma. • Fiela is 'n goeie vrou vir haar man. • Fiela is gelowig. • Fiela is hardwerkend. Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
7.26	Ja, die drama eindig gelukkig, omdat... • Benjamin / Lukas nou weet dat Nina nie sy suster is nie. • Benjamin / Lukas weer kontak met die Komoeties gemaak het. • Fiela sy verhouding met Nina goedkeur. • die drama impliseer dat daar 'n toekoms vir hom is saam met Nina. • Benjamin / Lukas vrede gemaak het met wie hy is en waar hy vandaan kom. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	4
		(17)	
		[35]	

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

SPIEËLBEELDE

VRAAG 8

"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes

VRAAG	MEMORANDUM TEKS O	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
8.1	• Om die kampvuur • In die bos (Enige EEN)	(1)	2
8.2	Hoe die natuur 'n jong man geheip het na 'n traumatiese ongeluk. (Of soortgelyk)	(1)	3
8.3	Ja, soos die vleikuiken. • kon die jong man na mense uitreik (vir hulp). • sien hy homself hulpeloos / vasgevang. OF Nee. • Sy familie het hom ondersteun / gehelp. (Aanvaar enige EEN relevante antwoord met betrekking tot sy situasie **in vergelyking met** die vleikuiken.)	(2)	2
8.4	naggeluide	(1)	2
8.5	'n Motorfiets	(1)	1
8.6	Hy het 'n tib-fib-fraktuur besering opgedoen.	(1)	2
8.7	Omdat die herstel van sy been soveel langer geneem het.	(1)	1
8.8	• Sy het hom rondgery. / Sy het hom hospitaal en skool toe aangery. • Sy het hom emosioneel ondersteun. • Sy het met die dokter beraadslaag. (Enige soortgelyke antwoord)	(3)	2

8.9.1	• C • Dit was 'n permanente aanstelling. • C Permanente aanstelling. (Enige EEN)	(1)	3
8.9.2	• A • Dit was 'n tydelike aanstelling. • A Tydelike aanstelling. (Enige EEN)	(1)	3
8.9.3	• B • Die woestynjare is verby. • B Die woestynjare is verby. (Enige EEN)	(1)	3
8.9.4	• D • Doelloosheid het 'n doel geword. • D Doelloosheid het 'n doel geword. (Enige EEN)	(1)	3
8.10.1	Nina	(1)	3
8.10.2	• Sy kon nie die reuk van die gips verduur nie. • Hy het verander. • Sy sien nie kans vir so 'n befoeterde ou nie (Enige EEN)	(1)	4
8.11	Pelle het al minder geword.	(1)	3
8.12	Nee. • 'n Mens kan depressief raak omdat almal in die stad besig is met hul lewens. • 'n Persoon voel verstik in die stad. • Daar is baie lawaai in die stad. (Enige EEN of soortgelyk) OF Ja. • 'n Persoon kan vereenvoudig en in beheer wees van sy / haar lewe. • In die stad is 'n mens omring deur mense wat jou van jou persoonlike probleme kan aflei. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		(18)	

"DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – Deon Meyer

VRAAG	MEMORANDUM TEKS P	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
8.13	Len was bang die polisie gaan hom aftrek en toesluit.	(1)	1
8.14	'n Vrou het in sy hotel gesterf / doodgegaan.	(1)	2
8.15	• Aan die begin van die storie het Robbie gesê dat sy 'n hartaanval gehad het. • Aan die einde van die storie het Robbie gesê hy het haar met 'n kussing versmoor.	(2)	3
8.16.1	Bloemfontein	(1)	1
8.16.2	• Hy het gedink dat die polisie hom gaan arresteer. • Hy het net skuldige gewete gehad. • Hy was senuweeagtig nadat hy die vrou (se lyk) begrawe het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
8.17	• D • opgewonde te klink. • D opgewonde te klink. (Enige EEN)	(1)	3
8.18	depressie	(1)	1
8.19.1	Estelle Verwey	(1)	1
8.19.2	• Die spreker het gedink dat Robbie haar as 'n meisie / minnares gekies het • Robbie het haar as die volgende slagoffer gekies.	(2)	3
8.20.1	• Hy het net geknik die trane met 'n hempsmou weggevee. (Enige EEN)	(1)	4
8.20.2	• Die dwelmskandaal van Martyn Mouton. • Die elf kunstenaars se verskoning (professionele verskille) om hulle kontrakte te beëndig. • Die finasiële fiasko van die Akasia-musiekfees.	(3)	4

8.21 Ja.

- Len wou sy reputasie beskerm.
- Len wou hê dat die skandaal van Robbie in die dood van die jong vrouens verhoed word.
- Len sou enigiets doen om die gans wat goue eiers lê, te beskerm.
- Len het sy lewe herbou en wou die moordskandaal wat sy lewe vernietig vermy.
- Len het begin om finansieël te herstel.

Nee.

- Jy kan nie verwag om weg te kom met moord nie.
- Jy gaan lewenslank met jou gewete moet saamleef.

(Enige TWEE of soortgelyke antwoorde) (2) 5

(17)

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

PRYSLIED – Antjie Krog

	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
9.1	liriese gedig	(1)	3
9.2.1	Uniegebou (in Pretoria)	(1)	2
9.2.2	Dit is waar Nelson Mandela **ingehuldig is as president** van Suid-Afrika.	(1)	3
9.3.1	C Dit is swart en grys.	(1)	2
9.3.2	E Dit is 'n moesie.	(1)	2
9.3.3	A Hy het 'n ernstige geaardheid.	(1)	2
9.3.4	B Hy leer mense om om te gee	(1)	2
9.4.1	heelmaker (uit die Thembu-stam)	(1)	2
9.4.2	(die) (swart) pimpernel	(1)	1
9.4.3	Mandele het altyd verdwyn voordat die polisie hom kon kry.	(1)	3
9.5.1	Denotatief (letterlik) is mnr. Mandela • lank • hy troon bo almal uit. (Enige EEN)	(1)	3
9.5.2	Konnotatief (figuurlik) beteken dit dat • hy 'n uitstaande persoon was • beter as ander mense was vanweë eienskappe soos leierskap, medemenslikheid, wysheid, ens. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
9.6	eerste ratelaar (TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE)	(1)	3
9.7	• houtskool en as is sy hare • (EEN REËL)	(1)	3

9.8.1	• Nelson Mandela is deel van ons land se geskiedenis • Hy het oor jare baie kontakte gemaak. • Hy is legendaries. • Hy het 'n groot invloed gehad. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
9.8.2	• Sy nalatenskap lê wyd. • Hy het wêreldwyd 'n invloed gehad. (Of soortgelyk)	(1)	4
9.9	Ja Ja, Mandela was 'n man van formaat wat almal se held was, omdat hy SA herenig het. (Of soortgelyk) OF Nee Daar is sommige mense wat glo dat hy nie werklik vir die swart mense vryheid gebring het nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
		(17)	

"BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN" – Marita van Aswegen

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
9.10	• By die robot in Eerstelaan • By die robot • In Eerstelaan (Enige EEN)	(1)	1
9.11	Die bedelaar • doen wat hy gesê word. • hy dink nie vir homself nie. • hy volg instruksies van iemand. • hy is soos 'n masjien wat deur iemand rondgelei word. (Enige EEN)	(1)	3
9.12	twee pare voete (DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE)	(1)	4
9.13	• Gehoor(sintuig) • Hoorsintuig (Enige EEN, maar nie 'met sy ore' nie.)	(1)	2
9.14	• A • honger is vir iets om te eet. • A honger is vir iets om te eet. (Enige EEN)	(1)	3
9.15	• 'n Fiets • 'n Bus (Enige EEN)	(1)	1
9.16.1	dwing	(1)	3
9.16.2	dreig	(1)	3
9.17	• Hy kan nie sien waar hy moet loop nie. • Hy moet voel-voel loop. (Enige EEN)	(1)	2
9.18	• "sy arm word gepluk en geruk en hy skrik" • Sy arm word gepluk en geruk en hy skrirk (Enige EEN REËL)	(1)	2
9.19.1	• D • Alliterasie • D Alliterasie (Enige EEN)	(1)	3

9.19.2
- C
- Klanknabootsing
- C Klanknabootsing

(Enige EEN) (1) 3

9.19.3
- A
- Vergelyking
- A Vergelyking

(Enige EEN) (1) 3

9.19.4
- B
- Personifikasie
- B Personifikasie

(Enige EEN) (1) 3

9.20
- Hy is moeg daarvoor om deur ander mishandel te word.
- Hy wil nie meer so swaarkry nie.
- Hy wil nie meer bedel nie.
- Die lewe is vir hom nie die moeite werd nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 2

9.21 Die tsotsi
- dreig die bedelaar om genoeg geld te bedel.
- ruk en pluk die bedelaar.
- laat die bedelaar heeldag staan en bedel.
- dreig hy sal die bedelaar nie na sy slaapplek terugvat nie.
- gebruik die geld vir drank.

(Enige EEN of soortgelyk) (1) 3

9.22 Sy het gesê hy is blind. (1) 4

9.23 Ja.
- Ons help hulle om kos te koop.
- Hulle benodig geld om te leef.

(Of soortgelyk)

OF

Nee.
- Die regering moet help.
- Dit veroorsaak slegte gewoontes.
- Dit is gevaarlik om op straathoeke te bedel.
- Dit is al manier hoe die bedelaars sal ophou bedel.

(Of soortgelyk] (1) 5

(18)
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35

TOTAAL: 70